

**16 Mei**

**Skrifgedeelte: Spreuke 29:1-16 (OAV en NAV)**

**Fokusgedeelte: Spreuke 29:6**

**Jubel as regverdige kind van God**

Ons as gelowiges doen baie keer vir onself onnodige hartseer aan, omdat ons vergeet dat ons regverdig is. Ons wil baie keer beproewings herlei na een of ander sonde wat ons gedoen het en dit dan as ons straf sien.

Die eerste sewe verse handel oor die gedagte van goddeloos teenoor regverdig. Goddeloos beteken "geen verhouding met God", en regverdig beteken "in 'n nuwe en regte verhouding met God", waar God na sy kinders kyk as sondeloos. En dit sien ons ook in vers 6. Die slegte of goddelose mens se oortreding lei tot sy eie val, maar die regverdige kind van God sal jubel en bly wees.

Vir die goddelose mens wat geen geloof in die Drie-enige God het nie, is die sonde sy grootste gevaar, want dit lei tot sy val en ondergang. Maar vir die regverdige is die pad veilig, alhoewel ook daar die gevaar van die sonde is. Reeds nou al was hierdie gelowiges verseker van hulle regverdigmaking in Jesus, omdat hulle in die Messias geglo en Hom verwag het (Rom 4:3), daarom het die sonde geen houvas op hulle nie en kan hulle nie anders as om te jubel en bly te wees nie.

Ons wil baie keer beproewings as 'n straf op ons sonde sien, en so vergeet ons van die grootste genade en liefde wat God aan ons in sy Seun Jesus Christus bewys het. Christus betaal aan die kruis ten volle vir al ons sondes en maak ons so ten volle regverdig en vry voor God. Ons is nou in 'n nuwe en regte verhouding met God waar al die weldade wat Jesus aan die kruis vir ons verwerf het, ons deur ons geloof in Jesus Christus toegereken word, asof onself aan die kruis gesterf het (2 Kor 5:21).

Hierdie wete dat ons in Christus regverdig is, moet ons elke dag laat jubel, want ons pad is veilig en eindig in die ewige lewe by God in die hemel. Kom ons besef dat God ons nie meer straf nie, want God wil hê dat ons onder leiding van die Heilige Gees moet jubel en dankbaar wees.

*Sing: Psalm 89:6 (1936)*

*Ds AN du Plessis (Postmasburg)*